Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, November 26, 2026

Page: 41



Beplan en voorkom ontnugtering

Baie mense kry nie kundige hulp om hul testament op te stel, toekomsplanne te maak en hul boedelbeplanning te doen nie. Dit veroorsaak later groot probleme en ontnugtering.

In hierdie rubriek word 'n paar probleme waarmee mense in die fidusiêre bedryf gereeld te doen kry, aan die hand van verskillende scenario's uitgelig. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid van deeglike finansiële beplanning.

Scenario 1

Mnr. A gaan woon teen 'n billike huur op 'n vriend se plaas. Daar is geen skriftelike kontrak nie – net 'n mondelingse ooreenkoms wat een aand om 'n braaivleisvuur gemaak is. A trek in en woon 15 jaar daar. Die eienaar van die grond (mnr. B) gebruik by tye die plaas om in die hoofhuis te gaan rus.

A sê vir B hy wil die huis waarin hy woon, opgradeer, en B laat dit toe. A hou vee en 'n bietjie wild aan. A se kinders word daar groot en sy vrou begin 'n gastehuis. B stem in dat kamers aangebou word, en sy gebruik ook soms B se hoofhuis vir slaapplek.

A doen kanker op en begin ernstig dink aan sy testament en wat sy vrou en kinders gaan erf. Al wat op sy naam is, is die vee, wild, meubels, toerusting en twee voertuie. Die vraag is of sy vrou ná sy dood kan aanbly.

Wat gebeur wanneer B sterf, want die plaas is in B se boedel?

Het A 'n eis teen die boedel? Die mondelinge ooreenkoms van 15 jaar gelede is nie aangeteken nie. Die grond is op B se naam en as B sterf, gaan sy familie dié goed ontwikkelde grond erf, en A se vrou en kinders sal moet gaan.

A konfronteer B oor die kapitaal wat hy in die plaas gestort het. B trek sy skouers op óf stem in dat A wel iets moet kry daarvoor omdat B se eiendom verryk is. A moet bewyse lewer van die geld wat hy bestee het om die plaas te verbeter. Maar wat nou? Só 'n situasie stuur gewoonlik op hofsake af.

Die wenk is om nooit kapitaal in iemand anders se grond of eiendom te stort nie. Die risiko is te groot.

Scenario 2

Mnr. en me. X koop baie jare gelede 'n stranderf op Hartenbos vir baie goedkoop op me. X se naam. Sewentien jaar later bou hulle 'n klein wooneenheid met twee slaapkamers en een badkamer om daar te gaan vakansie hou. Soos die jare verloop en meer kontant en kapitaal beskikbaar word, word die strandhuis vergroot en die kinders en hul gesinne kom ook saam vakansie hou.

Die waarde van die strandhuis skiet die hoogte in.

Mnr. X sterf en me. X besit steeds die plek. Die dogters wil graag die strandhuis by hul ma erf. Omdat mnr. en me. X nooit die koste van al die aanbouings en verbeterings deur die jare by wyse van skriftelike kontrakte, kwitansies, betaalbewyse en fakture bewaar het nie, is die basiskoste slegs R4 500 (wat hulle vir die erf betaal het). Daar is wel formules om die basiskoste te bereken, maar as hulle al die insetkoste se bewyse bewaar het, sou die kapitaalwinsbelasting (KWB) baie minder gewees het. KWB word bereken op die groei tussen die basiskoste en die markwaarde, waarop tot 18% KWB betaalbaar is as die eiendom op 'n individu se naam is.

Die wenk is om alle aanbouings en verbeterings se kostebewyse te hou vir die dag as jy die eiendom verkoop of skenk.

Scenario 3

Baie mense wil van hul bates, gewoonlik eiendom, in 'n trust plaas. Hulle meen as jy die eiendom in 'n trust plaas, is dit uit jou persoonlike boedel en dan bespaar jy boedelbelasting, eksekuteursgelde en KWB as jy te sterwe kom.

Dit is egter nie só maklik nie. Bates wat jy op jou naam bymekaargemaak het, kleef aan jou en jy kan dit nie weggee of wegwens nie.

Sodra jy byvoorbeeld eiendom in 'n trust wil plaas, moet jy eerstens 'n trust oprig en die eiendom aan die trust "skenk" of "verkoop". Sorg net dat daar geen verband is nie.

Sodra jy van eiendom ontslae raak (skenk of verkoop), moet jy KWB betaal as die eiendom in waarde gegroei het.

As jy aan 'n trust skenk, gaan jy skenkingsbelasting betaal. Die eerste R150 000 van die waarde is van skenkingsbelasting kwytgeskeld. Daarna betaal jy 20% skenkingsbelasting.

Dan is daar die transportkoste wat die trust moet betaal, wat behels die prokureur se oordragkoste en hereregte. As die trust nie geld het nie, sal jy aan die trust moet geld leen vir die oordragkoste.

Om die eiendom aan 'n trust te verkoop, beteken dat die trust dit moet kan bekostig en die oordragkoste ook kan delg.

Die wenk is om nie eiendom aan 'n trust te skenk of te verkoop (as die trust nie geld het om dit te betaal nie).

Scenario 4

Pa tree af en kan nie meer die premie van sy lewensversekering ten volle dek nie. Seun sal 50% daarvan betaal en vra of hy op 50% van die opbrengs geregtig is. Nee, tensy die seun 'n begunstigde van 50% is. Maar op daardie 50% sal die seun sowat 20% boedelbelasting betaal.

Enige polis op enige mens se lewe is, ingevolge Art 3(3)(a) van die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955), 'n geagte bate in sy boedel.

As die polis begunstig is en iemand anders of 'n instelling ontvang die opbrengs, moet die een wat bevoordeel is, die pro rata-boedelbelasting betaal.

Die begunstigde moet weet dat hy 20% van die opbrengs vir belasting moet uithou. **LBW**

André Eloff (lid van Fisa) is 'n boedelbeplanner by Business & Legal Consultants.

NAVRAE: E-pos: **andre@buslegal.co.za**